YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2017

AfriForum Tydskrif



## ONS GAAN VERVOLG

**Hof stuit Malema en EFF**

**AfriForum en SAPD** onderteken ooreenkoms

**AfriForum pak rassisme**

**Veiligheidsberaad** in Mei

ISSN 2313-1144

9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede



# Jý maak privaat vervolging moontlik!

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Beste AfriForum-lid

Adv. Gerrie Nel se aanstelling as hoof van AfriForum se nuwe privaat vervolgingseenheid het regsgeskiedenis in Suid-Afrika gemaak. Dit is die eerste keer dat 'n privaat eenheid gestig is wat spesifiek op die vervolging van korrupte persone en ander oortreders, wat weens politieke en ander onaanvaarbare redes tans nie vervolg word nie, sal fokus.

Dié aankondiging van AfriForum is met oorweldigende positiwiteit ontvang … behalwe natuurlik deur diegene wat bekommerd is dat hulle vervolg kan word weens hul plundering van belastingbetalers se geld, asook 'n handjievol "joernaliste" wie se eie vendetta teen AfriForum hul gesonde oordeel begin aantas.

Daar was ook in sommige kringe ongeloof oor die feit dat 'n burgerlike instelling sonder winsoogmerk soos AfriForum oor die hulpbronne kan beskik om só 'n grootse projek aan te pak. "Word AfriForum nie deur Westerse regerings, buitelandse organisasies of groot besighede befonds nie?" is gevra.

Diegene wat dié vraag vra, onderskat duidelik die mag van die burgerlike samelewing en die vermoë waaroor duisende gewone mense beskik indien hulle hul kragte saamspan in 'n sterk burgerlike instelling soos AfriForum.

Die antwoord op bogenoemde vraag is eenvoudig: AfriForum se privaat vervolgingseenheid en ander projekte word byna uitsluitlik moontlik gemaak deur die steun van die meer as 186 000 AfriForum-lede. Dit is júlle wat die privaat vervolging van korrupte politici en ander nou moontlik maak! Dit is natuurlik baie duur om privaat te vervolg, maar met adv. Nel se aanstelling by AfriForum is privaat vervolging beslis nie meer 'n onhaalbare droom nie.

AfriForum het besluit om die vervolgingseenheid te stig omdat ons bekommerd is oor die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se klaarblyklike geneigdheid tot selektiewe vervolgings en dat almal skynbaar nie gelyk voor die reg is nie.

Dié eenheid sal as waghond optree om te verseker dat geregtigheid seëvier, ongeag die posisie of politieke kontakte van die persoon wat skuldig is aan korrupsie. Natuurlik sal die eenheid nie nou goedsmoeds alle korrupsiesake direk self kan vervolg nie. Wat die eenheid wel van die begin af sal kan doen, is om self by strafregtelike oortredings – spesifiek waar die NVG om bedenklike redes weier om te vervolg – in te gryp en te vervolg.

C.J. Langenhoven het gesê dat as 'n hond eers een keer gebyt het, hy die volgende keer net hoef te grom. Adv. Nel se bynaam in die media is nie verniet "Bulhond" nie!

AfriForum is daarvan oortuig dat as ons privaat vervolgingseenheid eers "gebyt" het deur een of twee suksesvolle privaat vervolgings, die NVG twee keer sal dink voor hulle op grond van bedenklike redes nie korrupte persone vervolg nie. Met die aanstelling van adv. Nel wil AfriForum 'n duidelike boodskap aan korrupte politici en amptenare op nasionale-, provinsiale- en plaaslikeregeringsvlak stuur dat hulle nie langer weens hul politieke kontakte van vervolging gevrywaar is nie.

Daar wag natuurlik harde werk op adv. Nel in die komende maande. 'n Proses moet nou gevolg word om ander kundiges by AfriForum se privaat vervolgingseenheid te betrek om te verseker dat AfriForum oor die sterkste moontlike vermoë beskik om in te tree waar die strafregstelsel versuim om geregtigheid te laat geskied. Ondersoeke moet ook gedoen word om te bepaal watter openbare amptenare teen wie daar 'n sterk saak is, nie vervolg word nie. Hierdie privaat vervolgingseenheid sal die lys van verdagtes wat geïdentifiseer word, saam met inligting oor korrupte persone wat van die publiek ontvang word, oorweeg om te bepaal wie eerste vervolg gaan word.

Privaat vervolging is natuurlik nie al wat AfriForum in die toekoms gaan aanpak nie. Die talle projekte en veldtogte wat AfriForum op plaaslike, provinsiale, nasionale en selfs internasionale vlak aanpak, gaan onverpoosd voort en gaan in die komende jaar uitgebrei word. Hierdie aksies word deur jóú as lid moontlik gemaak.

So gepraat van die feit dat dit lede is wat AfriForum sterk maak, wys ek julle graag daarop dat AfriForum se bestuur en direksie in ons jaar- en vyfjaarbeplanning 'n duidelike beginselbesluit geneem het dat die versterking van AfriForum nie 'n doel op sigself moet wees nie, maar eerder 'n middel ter bereiking van ons doelwitte. AfriForum is bloot 'n middel om te verseker dat 'n toekoms geskep word waarin ons lede en die gemeenskappe waarvan hulle deel is, blywend vry, veilig en voorspoedig kan voortbestaan aan die suidpunt van Afrika.

Wat wel waar is, is dat AfriForum sy veldtogte en aksies om hierdie doelwit te bereik slegs kan uitbrei indien ons ook toesien dat AfriForum nóg sterker word. Daarom neem ek die vrymoedigheid om jou te vra om jou vriende, familie en kollegas wat moontlik nog nie lid van AfriForum is nie, aan te moedig om aan te sluit. **Om dit maklik te maak, kan voornemende lede slegs hul naam na 32077 (R1) SMS waarna hulle teruggeskakel sal word.**

AfriForum-groete
Kallie Kriel

**Ns.** Dit is met 'n swaar hart dat AfriForum onlangs afskeid moes neem van Cornelius Jansen van Rensburg, een van ons adjunk uitvoerende hoofde. Cornelius het besluit om 'n loopbaan in die privaat sektor te volg. AfriForum is dank aan Cornelius verskuldig vir die rol wat hy gespeel het om AfriForum deur ons plaaslike strukture as 'n gerekende rolspeler in talle plaaslike gemeenskappe te help vestig. Ons wens hom alles van die beste vir sy nuwe toekomspad toe.